# Gebedsweek vir Christelike Eenheid 2022

## Dag Ses

**"DIE STER WAT JULLE IN DIE OOSTE GESIEN HET, HET VOOR HULLE UITBEWEEG" MATTEUS 2:9**

*Gelei deur die een Heer.*

Exodus 13:17-14:4 - Die HERE het bedags in 'n wolkkolom voor hulle uitgegaan.

Oor en oor vertel die Heilige Skrif ons hoe die Here God saam met sy volk stap en hulle bewaar en oor hulle dag en nag waak. Die pad is nie altyd reguit nie en soms moet ons selfs teruggaan op ons voetspore, terwyl ons ander kere weer langs 'n verskillende pad moet terugkeer. Selfs in die diepste duisternis bly God se lig by ons. Die weg vorentoe na eenheid met mekaar en na groter eenheid met Christus, is nie altyd duidelik nie. God stuur die Heilige Gees deur Wie se lig ons met die oë van geloof kan kyk om die waarheid van die goddelike Kind raak te sien en sy oproep te gehoorsaam om alles in Hom te verenig en te versoen.

### Gebed vir elke dag

**Hemelse Vader,**

ons bid vir die sigbare eenheid van die Kerk.
Soos die sterrekykers deur 'n ster gelei is,
bid ons dat ons, gelei deur die lig van Christus,
dié pad in nederigheid en met geduld
saam met alle Christene sal stap.

Versterk die bande van eenheid
en ons liefde vir mekaar
en help ons om saam te werk en getuies te wees
van hulle wat uit hul tuistes verdryf is,
van die vlugtelinge, van die swakkes
en almal wat deur die samelewing verwerp word
Hou ons oë op Jesus
sodat ons nie die pad byster sal raak nie.

Verenig ons met Hom,
Hy wat die weg, die waarheid en die lewe is.
Amen.

© Die Oratorium Uitgewery